# Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel: 24

## ONS HEILIGMAKING EN GOEIE WERKE

Ons glo dat hierdie ware geloof in die mens voortgebring word deur die hoor van die Woord van God en deur die werking van die Heilige Gees, dat die geloof hom wedergebore laat word en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom van die verslawing van die sonde bevry.



Daarom is daar geen sprake van dat hierdie regv[illegible]digmakende ge[illegible]oof die mens vi[illegible]'n vroom en heilige lewe onverskillig sou maak nie; inteendeel, hy sou daarsond[illegible] uit liefde tot God doen nie, maar slegs uit [illegible] self en uit vrees vir die verdoemenis. Dit is daar[illegible]ontlik dat hierdie geloof niks in di[illegible]e mens tot stand sou bring nie; on[illegible] mos nie van 'n dooie geloof nie maar van w[illegible]if noem 'n geloof wat tot dade oorg[illegible]aan, wat die mens beweeg om hom[illegible]nd te oefen in die werke wat deur God [illegible]ord beveel het.

Hierdie werke is, [illegible] die goeie wortel van die geloof voorts[illegible]ruit, goed en vir God welgevallig omda[illegible]al deur sy genade geheilig [illegible]d hierdie werke nie vir ons regverdiging [illegible]ie, want ons is in die geloof geregverdig[illegible]dat ons goeie werke doen.

Hulle sou an[illegible]nie goed kon wees nie, net so min as die vru[illegible]g van 'n boom goed kan wees voordat die bo[illegible]oed is.

Ons doen [illegible]oeie werke, maar nie om iets te verdien nie - w[illegible]t sou ons tog kon verdien? Veeleer is ons goe[illegible]wat ons doen, aa[illegible]skuldig, terwyl Hy aan ons niks verskuldig is nie[illegible] aangesien dit Hy is wat in ons werk.

Hy ma[illegible]willig en bekwaam om [illegible]er (F[illegible]lp 2[illegible]et op wat geskrywe sta[illegible]nneer julle [illegible]en het wat julle be[illegible]gedoen wat ons ve[illegible]om te d[illegible] be[illegible] [illegible]

Op hierdie manier sou ons altyd in twyfel verkeer, heen en weer geslinger sonder enige sekerheid en ons arme gewete sou altyd gekwel word as dit nie op die verdienste van die lyding en sterwe van ons Verlosser steun nie.

Ons glo dat hierdie ware geloof in die mens voortgebring word deur die hoor van die Woord van God en deur die werking van die Heilige Gees,



Handelinge 16:14: 'n Vrou uit die stad Tiatira, 'n purperhandelaar met die naam Lidia, wat God vereer het, het ook geluister, en die Here het haar hart oopgemaak om ag te slaan op wat Paulus gesê het.

Romeine 10:17: Die geloof kom dus uit die aanhoor, en die aanhoor kom deur die verkondiging van Christus.

1 Korintiërs 12:3: Daarom maak ek aan julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God praat, sê "Jesus is vervloek!" nie, en niemand kan sê "Jesus is die Here!" behalwe deur die Heilige Gees nie.

1 Tessalonisense 1:4-5: Broers, julle vir wie God liefhet, ons weet van julle verkiesing; want ons evangelie het nie alleen deur die woord nie, maar ook met krag en deur die Heilige Gees en in volle versekering na julle gekom. Net so weet julle hoe ons optrede by julle was: tot julle voordeel.

Ons glo dat hierdie ware geloof in die mens voortgebring word deur die hoor van die Woord van God en deur die werking van die Heilige Gees, dat die geloof hom wedergebore laat word en tot 'n nuwe mens maak,



Esegiël 36:26-27: Ek sal vir julle 'n nuwe hart gee, 'n nuwe gees sal Ek in julle binneste gee; Ek sal die hart van klip uit julle liggame verwyder en vir julle 'n hart van vlees gee. My Gees sal Ek in julle binneste gee. Ek sal daarvoor sorg dat julle my vaste voorskrifte volg en dat julle my bepalings nakom en uitvoer.

Johannes 1:12-13: Maar aan almal wat Hom aanvaar het, het Hy die reg gegee om kinders van God te word – hulle wat in sy Naam glo. Hulle is nie uit bloed nie, ook nie uit liggaamlike drang nie, ook nie uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore.

Johannes 3:5: Jesus het hom geantwoord: “Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie van bo gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.”

Johannes 6:29: En Jesus het hulle geantwoord: “Dít is die werk van God: Dat julle glo in die Een wat Hy gestuur het.”

Handelinge 15:9: Hy het geen onderskeid getref tussen ons en hulle nie, want Hy het hulle harte deur die geloof gereinig.

Efesiërs 2:4-6: Maar God, ryk in barmhartigheid, het ons, alhoewel ons dood was as gevolg van die oortredings, op grond van sy groot liefde waarmee Hy ons liefgehad het, saam met Christus lewend gemaak – uit genade is julle verlos! Ja, Hy het ons in Christus Jesus saam opgewek, en saam laat sit in die hemel,

Titus 3:5: het Hy ons verlos – nie op grond van werke wat ons uit geregtigheid gedoen het nie, maar op grond van sy ontferming – by wyse van die afwassing deur die weergeboorte en vernuwing deur die Heilige Gees,

1 Petrus 1:23: Julle is immers weer gebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad – deur die lewende en blywende woord van God

Nederlandse Geloofsbelydenis ONS HEILIGMAKING EN GOEIE WERKE Artikel: 24

Ons glo dat hierdie ware geloof in die mens voortgebring word deur die hoor van die Woord van God en deur die werking van die Heilige Gees, dat die geloof hom wedergebore laat word en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom van die verslawing van die sonde bevry.



Johannes 5:24: Amen, amen, Ek sê vir julle: Wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en vir hom is daar geen veroordeling nie, maar hy het uit die dood na die lewe oorgegaan.

Johannes 8:36: As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle werklik vry wees.

Romeine 6:4-6: Deur die doop is ons dus saam met Hom in die dood begrawe, sodat, net soos Christus deur die magtige heerlikheid van die Vader uit die dood opgewek is, ook ons só 'n nuwe lewe kan lei. As ons inderdaad met Hom saamgegroei het in 'n dood soos syne, sal ons ook met Hom saamgroei in 'n opstanding soos syne. Dit weet ons: dat ons ou mens saam met Hom gekruisig is, sodat ons sondige bestaan tot niet gemaak kan word, en ons nie meer slawe van die sonde sal wees nie.

1 Johannes 3:9: Elkeen wat uit God gebore is, doen nie meer sonde nie, omdat God se saad in hom bly, en hy kan nie meer aanhou sonde doen nie, omdat hy uit God gebore is.

Daarom is daar geen sprake van dat hierdie regverdigmakende geloof die mens vir 'n vroom en heilige lewe onverskillig sou maak nie;



Galasiërs 5:22: Maar die vrug van die Gees is: liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen hierdie soort dinge is daar nie 'n wet nie.

Titus 2:12: en voed ons op, sodat ons in hierdie bedeling verstandig en regverdig en godvresend kan leef, deur goddeloosheid en wêreldse begeertes te verwerp,

Daarom is daar geen sprake van dat hierdie regverdigmakende geloof die mens vir 'n vroom en heilige lewe onverskillig sou maak nie; inteendeel, hy sou daarsonder nooit iets uit liefde tot God doen nie,



Johannes 15:5: Ek is die druiwestok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, hy dra baie vrug, want sonder My kan julle niks doen nie.

Romeine 14:23: Hy wat egter twyfel wanneer hy eet, staan al klaar veroordeel, omdat hy dit nie uit geloofsoortuiging doen nie. Alles wat jy nie uit geloofsoortuiging doen nie, is sonde.

1 Timoteus 1:5: Die doel van die opdrag is liefde uit 'n rein hart, 'n skoon gewete en 'n ongeveinsde geloof.

2 Timoteus 1:9: Hy het ons verlos en geroep met 'n heilige roeping – nie op grond van ons dade nie, maar op grond van sy eie besluit en genade. Reeds van ewigheid af is dit in Christus Jesus aan ons geskenk,

Titus 3:8: Dié uitspraak is betroubaar. Ek wil hê dat jy hierdie dinge moet benadruk, sodat hulle wat in God glo, daarop bedag sal wees om hulle aan goeie werke toe te wy. Hierdie dinge is goed en voordelig vir die mense.

Hebreërs 11:4: Deur geloof het Abel 'n beter offer as Kain aan God gebring, waardeur getuig is dat hy regverdig was toe God oor sy gawes getuienis gelewer het; en deur geloof praat hy nog steeds, al het hy gesterf.

Hebreërs 11:6: Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan, en dat Hy dié beloon wat Hom soek.

Daarom is daar geen sprake van dat hierdie regverdigmakende geloof die mens vir 'n vroom en heilige lewe onverskillig sou maak nie; inteendeel, hy sou daarsonder nooit iets uit liefde tot God doen nie, maar slegs uit liefde tot homself en uit vrees vir die verdoemenis. Dit is daarom onmoontlik dat hierdie geloof niks in die mens tot stand sou bring nie; ons praat mos nie van 'n dooie geloof nie maar van wat die Skrif noem 'n geloof wat tot dade oorgaan, wat die mens beweeg om hom voortdurend te oefen in die werke wat deur God in sy Woord beveel het.

Hierdie werke is, as hulle uit die goeie wortel van die geloof voortspruit, goed en vir God welgevallig omdat hulle almal deur sy genade geheilig is. Tog geld hierdie werke nie vir ons regverdiging nie, want ons is in die geloof geregverdig nog voordat ons goeie werke doen.



Romeine 4:5: Iemand wat egter nie werk nie, maar glo in die Een wat die goddelose regverdig verklaar – vir hom word sy geloof as regverdiging toegereken.

Galasiërs 5:6: Want in Christus Jesus is besnedenheid of onbesnedenheid van geen belang nie, maar wel geloof wat deur liefde werksaam is.

1 Tessalonisense 2:13: En daarom dank ons God onophoudelik dat julle, nadat julle die woord van God van ons ontvang het, dit nie as 'n woord van mense aanvaar het nie, maar waarlik as die Woord van God – dié Woord wat werksaam is in julle wat glo.

Hulle sou anders mos nie goed kon wees nie, net so min as die vrug van 'n boom goed kan wees voordat die boom self goed is.



Matteus 7:17: Net so dra elke goeie boom goeie vrugte, maar 'n slegte boom dra slegte vrugte.

Nederlandse Geloofsbelydenis ONS HEILIGMAKING EN GOEIE WERKE Artikel: 24

Ons doen dus die goeie werke, maar nie om iets te verdien nie - wat sou ons tog kon verdien? Veeleer is ons goeie werke wat ons doen, aan God verskuldig, terwyl Hy aan ons niks verskuldig is nie, aangesien dit Hy is wat in ons werk.



Romeine 11:6: Maar as dit uit genade is, is dit nie meer op grond van dade nie; want anders sou die genade nie meer genade wees nie.

1 Korintiërs 1:30-31: Deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons die wysheid geword het wat van God kom, regverdiging sowel as heiliging en bevryding. Daarom, soos daar geskryf staan: "Wie hom op iets wil beroem, moet hom beroem op die Here."

1 Korintiërs 4:7: Want wie ag jou belangrik? En wat besit jy wat jy nie ontvang het nie? As jy dit dan ontvang het, waarom beroem jy jou daarop asof jy dit nie ontvang het nie?

Efesiërs 2:10: Ons is immers sy maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke wat God voorberei het, te doen, en daarvolgens te leef.

Nederlandse Geloofsbelydenis ONS HEILIGMAKING EN GOEIE WERKE Artikel: 24

## Hy maak ons gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer.



Filppense 2:13: Want Hy wat die gewilligheid en die optrede in julle bewerk soos Hy dit goedvind, is God.

Nederlandse Geloofsbelydenis ONS HEILIGMAKING EN GOEIE WERKE Artikel: 24

Hy maak ons gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer. Laat ons daarom let op wat geskrywe staan: "...wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen" .



Lukas 17:10: Dieselfde geld vir julle: Wanneer julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan, 'Ons is nikswerd slawe. Ons het net gedoen wat ons moes doen.' "

Nederlandse Geloofsbelydenis ONS HEILIGMAKING EN GOEIE WERKE Artikel: 24

Hy maak ons gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer. Laat ons daarom let op wat geskrywe staan: "...wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen". Tog wil ons nie ontken dat God die goeie werke beloon nie,



Romeine 2:5-7: Deur jou hardkoppigheid en onbekeerlike hart is jy besig om toorn teen jouself op te stapel op die dag van toorn, wanneer die regverdige oordeel van God geopenbaar sal word. “Hy sal elkeen beloon volgens sy dade:” die ewige lewe aan diegene wat deur volgehoue goeie werke streef na heerlikheid, eer en onsterflikheid,

1 Korintiërs 3:14: As iemand se bouwerk behoue bly, sal hy sy loon ontvang.

Filippense 2:13 : Want Hy wat die gewilligheid en die optrede in julle bewerk soos Hy dit goedvind, is God.

2 Johannes:8: Let daarop dat julle nie verloor wat ons deur harde werk verkry het nie, maar eerder 'n volle loon ontvang.

Openbaring 2:23: En haar kinders sal Ek met die dood tref. Laat al die gemeentes daarvan kennis neem dat dit Ek is wat niere en harte deurgrond. Ek sal elkeen van julle beloon volgens julle dade.

Nederlandse Geloofsbelydenis ONS HEILIGMAKING EN GOEIE WERKE Artikel: 24

Hy maak ons gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer. Laat ons daarom let op wat geskrywe staan: "...wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen". Tog wil ons nie ontken dat God die goeie werke beloon nie, maar dit is deur sy genade dat Hy sy gawes bekroon. Verder, al doen ons ook goeie werke, maak ons dit glad nie die grond van ons saligheid nie, want ons kan geen werk doen wat nie deur ons sondige natuur besmet en ook strafwaardig is nie.



Romeine 7:20-24: Maar as ek doen wat ek nie wil nie, is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar eerder die sonde wat in my woon. Dus vind ek hierdie wet: Wanneer ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig. In my diepste wese verbly ek my oor die wet van God, maar ek sien 'n ander wet wat in my ledemate oorlog voer teen die wet van my verstand en my krygsgevange neem deur die wet van die sonde wat in my ledemate is. Ellendige mens wat ek is! Wie sal my tog red uit hierdie doodsbestaan?

En al kon ons ook één goeie werk lewer, is die herinnering aan net een sonde vir God genoeg om dit te verwerp.



Jakobus 2:10: Want wie die hele wet probeer onderhou, maar een wet oortree, is aan almal skuldig.

Op hierdie manier sou ons altyd in twyfel verkeer, heen en weer geslinger sonder enige sekerheid en ons arme gewete sou altyd gekwel word as dit nie op die verdienste van die lyding en sterwe van ons Verlosser steun nie.



Habakuk 2:4: Kyk, hy wat nie opreg is nie, kwyn weg – maar die regverdige – deur sy betroubaarheid sal hy lewe.

Matteus 11:28: Kom na My toe, almal wat vermoeid en swaar belas is, en Ek sal julle rus gee.

Romeine 10:11: Die Skrif sê tog: “Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaamd staan nie.”

Nederlandse Geloofsbelydenis ONS HEILIGMAKING EN GOEIE WERKE Artikel: 24

Ons glo dat hierdie ware geloof in die mens voortgebring word deur die hoor van die Woord van God en deur die werking van die Heilige Gees, dat die geloof hom wedergebore laat word en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom van die verslawing van die sonde bevry.

Daarom is daar geen sprake van dat hierdie regverdigmakende geloof die mens vir 'n vroom en heilige lewe onverskillig sou maak nie; inteendeel, hy sou daarsonder nooit iets uit liefde tot God doen nie, maar slegs uit liefde tot homself en uit vrees vir die verdoemenis. Dit is daarom onmoontlik dat hierdie geloof niks in die mens tot stand sou bring nie; ons praat mos nie van 'n dooie geloof nie maar van wat die Skrif noem 'n geloof wat tot dade oorgaan, wat die mens beweeg om hom voortdurend te oefen in die werke wat deur God in sy Woord beveel het.

Hierdie werke is, as hulle uit die goeie wortel van die geloof voortspruit, goed en vir God welgevallig omdat hulle almal deur sy genade geheilig is. Tog geld hierdie werke nie vir ons regverdiging nie, want ons is in die geloof geregverdig nog voordat ons goeie werke doen.

Hulle sou anders mos nie goed kon wees nie, net so min as die vrug van 'n boom goed kan wees voordat die boom self goed is.

Ons doen dus die goeie werke, maar nie om iets te verdien nie - wat sou ons tog kon verdien? Veeleer is ons goeie werke wat ons doen, aan God verskuldig, terwyl Hy aan ons niks verskuldig is nie, aangesien dit Hy is wat in ons werk.

Hy maak ons gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer (Filp 2:13). Laat ons daarom let op wat geskrywe staan: "...wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen" (Luk 17:10). Tog wil ons nie ontken dat God die goeie werke beloon nie, maar dit is deur sy genade dat Hy sy gawes bekroon. Verder, al doen ons ook goeie werke, maak ons dit glad nie die grond van ons saligheid nie, want ons kan geen werk doen wat nie deur ons sondige natuur besmet en ook strafwaardig is nie.

En al kon ons ook één goeie werk lewer, is die herinnering aan net een sonde vir God genoeg om dit te verwerp.

Op hierdie manier sou ons altyd in twyfel verkeer, heen en weer geslinger sonder enige sekerheid en ons arme gewete sou altyd gekwel word as dit nie op die verdienste van die lyding en sterwe van ons Verlosser steun nie.

Ons glo dat hierdie ware geloof in die mens voortgebring word deur die hoor van die Woord van God en deur die werking van die Heilige Gees[1], dat die geloof hom wedergebore laat word en tot 'n nuwe mens maak[2], hom 'n nuwe lewe laat lei en hom van die verslawing van die sonde bevry[3].
Daarom is daar geen sprake van dat hierdie regverdigmakende geloof die mens vir 'n vroom en heilige lewe onverskillig sou maak nie[4]; inteendeel, hy sou daarsonder nooit iets uit liefde tot God doen nie[5], maar slegs uit liefde tot homself en uit vrees vir die verdoemenis. Dit is daarom onmoontlik dat hierdie geloof niks in die mens tot stand sou bring nie; ons praat mos nie van 'n dooie geloof nie maar van wat die Skrif noem 'n geloof wat tot dade oorgaan, wat die mens beweeg om hom voortdurend te oefen in die werke wat deur God in sy Woord beveel het.
Hierdie werke is, as hulle uit die goeie wortel van die geloof voortspruit, goed en vir God welgevallig omdat hulle almal deur sy genade geheilig is. Tog geld hierdie werke nie vir ons regverdiging nie, want ons is in die geloof geregverdig nog voordat ons goeie werke doen[6].
Hulle sou anders mos nie goed kon wees nie, net so min as die vrug van 'n boom goed kan wees voordat die boom self goed is[7].
Ons doen dus die goeie werke, maar nie om iets te verdien nie - wat sou ons tog kon verdien?
Veeleer is ons goeie werke wat ons doen, aan God verskuldig, terwyl Hy aan ons niks verskuldig is nie, aangesien dit Hy is wat in ons werk[8].
Hy maak ons gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer (Filp 2:13). Laat ons daarom let op wat geskrywe staan: "...wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen" (Luk 17:10). Tog wil ons nie ontken dat God die goeie werke beloon nie[9], maar dit is deur sy genade dat Hy sy gawes bekroon. Verder, al doen ons ook goeie werke, maak ons dit glad nie die grond van ons saligheid nie, want ons kan geen werk doen wat nie deur ons sondige natuur besmet en ook strafwaardig is nie[10].
En al kon ons ook één goeie werk lewer, is die herinnering aan net een sonde vir God genoeg om dit te verwerp[11].
Op hierdie manier sou ons altyd in twyfel verkeer, heen en weer geslinger sonder enige sekerheid en ons arme gewete sou altyd gekwel word as dit nie op die verdienste van die lyding en sterwe van ons Verlosser steun nie[12].

1 Handelinge 16:14; Romeine 10:17; 1 Korintiërs 12:3; 1 Tessalonisense 1:4-5
2 Esegiël 36:26-27; Johannes 1:12-13; Johannes 3:5; Johannes 6:29; Handelinge 15:9; Efesiërs 2:4-6; Titus 3:5; 1 Petrus 1:23
3 Johannes 5:24; Johannes 8:36; Romeine 6:4-6; 1 Johannes 3:9
4 Galasiërs 5:22; Titus 2:12
5 Johannes 15:5; Romeine 14:23; 1 Timoteus 1:5; 2 Timoteus 1:9; Titus 3:8; Hebreërs 11:4; Hebreërs 11:6
6 Romeine 4:5; Galasiërs 5:6; 1 Tessalonisense 2:13
7 Matteus 7:17
8 Romeine 11:6; 1 Korintiërs 1:30-31; 1 Korintiërs 4:7; Efesiërs 2:10
9 Lukas 17:10; Romeine 2:5-7; 1 Korintiërs 3:14; Filippense 2:13 ; 2 Johannes:8; Openbaring 2:23
10 Romeine 7:20-24
11 Jakobus 2:10
12 Habakuk 2:4; Matteus 11:28; Romeine 10:11